

## **Geseënd is die wat in die Here sterf – hulle sal rus (OP10)**

### **Openbaring 14:6-13**

**20 September 2020**

Sedert ons met die tweede hoofdeel van die boek Openbaring begin het, het ons nou al na vier visioene gekyk wat Johannes gesien het. In Op 12 het ons gekyk na die visioen van die vrou en die draak, in Op 13 het ons na twee visioene gekyk – die een het gehandel oor die dier uit die see, en die ander een oor die dier uit die aarde. Laasweek het ons in Op 14:1-5 gekyk na die visioen waar Johannes gesien het dat die Lam en die 144 000 op Sionsberg staan. Dit was 'n heerlike aanmoediging aan die gelowiges terwyl hulle in die stryd teen die diere gewikkel is om te onthou hoe heerlik hulle bestemming is, en ook 'n versekering aan hulle dat hierdie bestemming seker is.

Vandag kom ons nou by die vyfde visioen in Op 14:6-13. Die gebeure in die visioen is relatief eenvoudig en maklik om te verstaan. In verse 6, 8 en 9 sien Johannes elke keer 'n engel. Hy sien hierdie drie engele die een na die ander. Hulle vlieg hoog in die lug, en elkeen van hierdie engele het 'n boodskap wat hulle aankondig. Elkeen kondig sy boodskap aan met 'n harde stem. Ons het al vantevore iets soortgelyks gesien: kyk na Op 8:13. Hier was daar 'n arend wat hoog in die lug gevlieg het en die drie wee's aangekondig het wat gepaard sou gaan met die blaas van die laaste drie trompette. Daar was dit belangrik dat die bewoners van die aarde moet kennis neem van hierdie komende trompette. Ons sien dieselfde hier. Die feit dat die engele hard uitroep hoog in die lug maak dit duidelik dat almal moet hoor. Dit word bevestig deur wat ons lees in vers 6 dat die eerste engel sy boodskap aan die bewoners van die aarde moes bring – aan elke nasie, stam, taal en volk. By implikasie is dit ook waar van die ander twee engele – niemand moet oningelig wees oor die inhoud van hulle boodskappe nie.

Die boodskap van hierdie drie engele word opgevolg deur 'n oproep aan die gelowiges dat hulle moet volhard in vers 12, en dit word opgevolg deur 'n belofte van rus aan die gelowiges wanneer hulle sterf in vers 13. Ek wil dus stilstaan by die volgende drie punte:

- God se waarskuwing (soos dit in die boodskap van die drie engele uitgedruk word)
- God se verwagting
- God se belofte

#### God se waarskuwing (verse 8-11)

Ons lees in vers 6 dat die eerste engel het 'n goeie boodskap gehad (NAV), oftewel 'n ewige evangelie (OAV). Dit is natuurlik so dat die woord "evangelie" letterlik beteken goeie boodskap. Maar as jy na die inhoud van die boodskap kyk soos beskryf in die boodskap van die drie engele, is die opvallende dat dit grootliks fokus op oordeel. Wat is so goed daaraan? Ons dink tipies aan die evangelie as die goeie nuus dat God mense uit genade red deur die geloof. En natuurlik is dit die evangelie. Maar onthou wat Paulus in 2 Kor 2:14-16 sê: hy is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word – en dit is 'n aangename geur vir die wat gered word, maar ook 'n doodsreuk vir die wat verlore gaan. Die evangelie het beide verlossing deur geloof asook oordeel vir die wat nie glo nie as inhoud. Dink maar aan die gelowiges wie se siele tydens die oopmaak van die vyfde seël onder die altaar eindig na hulle doodgemaak is omdat hulle getrou gebly het aan die Woord – hulle wil juis weet wanneer gaan God hulle dood straf en oordeel. Hulle soek nie primêr vergelding ter wille van hulleself nie, maar verstaan God se eer het in gedrang gekom en dit moet aangespreek word. Die boodskap van hierdie engele fokus meer op die oordeel-deel van die evangelie, en wil juis daardeur die mensdom waarsku.

Hierdie verkondiging van die evangelie is 'n gedeeltelike vervulling van wat ons lees in Mat 24:14 waar Jesus sê: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuie kan hoor. Eers dan sal die einde kom".

In vers 7 sê die eerste engel dat die tyd vir God se oordeel aangebreek het, m.a.w. as hierdie drie engele optree moet dit dus kort voor die einde wees. Ek hoop dat dit teen hierdie tyd duidelik is dat dit die kerk is wat gedurende die hele periode tussen Jesus se eerste en tweede koms in samewerking met die Heilige Gees moet getuig, maar dit blyk hier dat kort voor die einde hierdie engele ook gaan getuig. Duidelik wil God absoluut seker maak niemand moet ooit kan sê dat hy nie gewaarsku was nie.

Wat is die inhoud van die boodskap van die eerste engel? Vers 7 maak duidelik dat hy uitroep wat God se verwagting is – en onthou nou dit is God se verwagting van alle mense. God verwag dat die mensdom Hom sal vrees, Hom sal eer en Hom sal aanbid:

- God moet gevrees word – Hier staan spesifiek dat God gevrees moet word want Hy gaan oordeel. Ons sal uit die derde engel se boodskap meer leer van hierdie oordeel. Maar ons weet Jesus is die Een wat gaan oordeel. Jesus gaan regverdig oordeel. Ons weet Hy gaan nie net wat mense gedoen, of nie gedoen het nie, oordeel nie, Hy oordeel ook die bedoelings van die hart. Onthou Op 1:14 – Hy het oë wat soos vuur vlam waarmee Hy alles sien. Hy werk saam met die Vader en die Heilige Gees, en daarom moet God gevrees word!
- God moet geëer word. In Op 10:7 het ons gelees dat God eventueel Sy verborge bedoeling met alles sal bereik. Wat is hierdie bedoeling? Onder andere dat Hy geëer sal word. En Hy wil geëer word deur alle mense. Dink maar aan wat ons laasweek in die vorige visioen van gelees het: daardie geluid in die hemel soos 'n groot watermassa en swaar dreunings van donderweer as die 144 000 op hulle siters speel en 'n nuwe lied sing oor hulle redding wat juis deur God bewerk is. Dit is wat God verwag en verdien. Maar let ook op – selfs die ongelowiges sal op die ou end ook moet erken dat Hy dit waardig is – al is dit gedwonge. Onthou wat het gebeur tydens die blaas van die sesde trompet (Op 11:13) – diegene wat nie omgekom het nie, het bevrees geword en aan die God van die hemel die eer gegee. Of dink aan Fil 2:9-11 waar ons lees dat eventueel sal elkeen die knie moet buig en bely "Jesus Christus is Here" tot eer van God.
- God moet aanbid word as Skepper van alles. God het letterlik alles gemaak. Nie net is die skepping van God sodanig dat dit op sigself 'n openbaring is van dat daar 'n indrukwekkende Wese agter die skepping moet wees nie, maar die feit dat Hy dit gemaak het beteken dat Hy ook destyds al besluit het wat Sy bedoeling daarmee is, en bepaal het wat hier gaan gebeur. Hy is voorwaar aanbiddenswaardig omdat Hy die Skepper is.

Wat is die inhoud van die boodskap van die tweede engel? Sy boodskap is: "Geval, geval het die grote Babilon wat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid laat drink het" (vers 8). Kom ons dink eers oor wie Babilon is. Tot dusver het ons geleer van die drie diere wat saamwerk teen God. Die draak is die duiwel, die dier uit die see is die antichris wat veral deur gesagstrukture werk, en die dier uit die aarde is die vals profeet wat deur valse godsdienste werk. Daar is egter nog 'n medewerker van wie ons later in Openbaring heelwat sal lees: Babilon. Ek gaan nie nou te veel daarvoor sê nie, maar natuurlik herinner dit ons aan Babel in die Ou Testament. Onthou die gebeure rondom die toring van Babel in Genesis 11 waar die mensdom in opstand gekom het teen God se opdrag. Of dink maar aan die Babeloniese ballingskap, waar Babel deur God gestuur is om Sy volk te straf oor hulle sondes. Dit was juis Nebukadneser, die koning van Babel, wat in Dan 4:30 praat van die grote Babel wat hy deur eie mag 'n groot koningstad gemaak het tot sy eie eer en roem. In Op 17

en 18 word daar baie meer oor Babilon geskryf – waar sy uitgebeeld word as ‘n onsedelike vrou by wie se praktyke die konings, handelaars en seemanne ingekoop het. Bo en behalwe onsedelikheid, is daar ook heelwat klem op ekonomiese samewerking tussen die bewoners van die aarde en die vrou. Tussen die drie diere en hierdie vrou sien ons dus dat die bewoners van die aarde hulle vergryp in gesagstrukture, valse godsdienste en ook sedelose afgodery waar koop en verkoop ‘n groot rol speel. Wat ons moet raaksien, God wil aanbid word as Skepper, maar die bewoners van die aarde haak vas by aanbidding van skepsels – hetsy die draak of die diere, hetsy dinge soos geld en besittings.

Volgens die tweede engel het die nasies gedrink van die dwelmdrank van Babilon. Hierdie onheilige praktyke van Babilon, werk bedwelmend – die gevolg is die nasies kan nie meer nugter luister na die waarskuwings van God nie. Lees Jes 29:9-11. Die dwelmdrank van Babilon het hierdie effek op die nasies. Maar daar is ‘n belangrike perspektief wat ons nie moet vergeet nie. Lees Jer 51:7-8. Babel is ‘n goue beker in God se hand, waaruit Hy die nasies laat drink en dronk word. God is ook in beheer van Babilon. En dan kom Babel skielik tot ‘n val – dit is ook die waarskuwing van die tweede engel: Geval, geval het die grote Babilon. Die herhaling van “geval”, en die feit dat dit in die verlede tyd gestel word, dra die boodskap dat die val van Babilon vas staan. Die waarskuwing is dat die Babilon waarop die nasies steun, op die punt staan om te val. Ongelukkig is hulle bedwelmd deur haar drank, en slaag dus nie ag op die waarskuwing nie.

In vers 9-11 lees ons van die waarskuwing deur die derde engel. Hy waarsku dat diegene wat die dier en sy beeld aanbid en wat die merk van die dier dra, sal nou van God se wyn moet drink. Sien jy die ooreenkoms: Hulle het dronk geword van die dwelmdrank van Babilon, maar wat nou vir hulle wag is dat hulle van God se wyn moet drink. Hulle oordeel pas by hulle oortreding. God se wyn is egter wyn van Goddelike toorn. Hierdie toorn word nou onverdund vir hulle gegee om te drink. Dit is God se oordeel. Hulle was herhaalde male gewaarsku oor wat God se verwagting is (eerste engel), hulle was gewaarsku dat die dinge waarin hulle hulle vertrou stel, is tydelik en gaan val (tweede engel) – maar hulle het nie geluister nie. Al wat oorbly is God se onverdunde toorn.

Ons leer meer detail oor hierdie oordeel wat hulle gaan tref:

- Hulle gaan met vuur en swael gepynig word. Ons het in Op 9:17-18 tydens die blaas van die sesde trompet gelees van daardie perderuiters wat deur die drie plaes van vuur, rook en swael ‘n derde van die mensdom doodgemaak het. Hier het die mense doodgegaan, maar met die vyfde trompet was die mense geteister soveel so dat hulle wou doodgaan. Dit gee waarskynlik iets van ‘n aanduiding van die pyniging wat hierdie mense kan verwag. Fisiese pyniging is sekerlik deel daarvan – maar hulle kan waarskynlik ook sielkundige pyniging verwag
- Ons lees hierdie pyniging vind plaas in die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam. Hierdie mense gaan verstaan presies Wie hulle misken het. Hulle gaan verstaan die rede vir hulle pyniging is omdat hulle nie die Lam gevolg het soos die 144 000 nie, maar eerder die dier uit die see, die antichris, aanbid het. Hulle gaan moet erken die Lam is die Een wat werklik aanbid moes word.
- Ons lees dat hierdie pyniging duur voort tot in ewigheid. Op 20:10 leer dat die duiwel, die dier uit die see en die dier uit die aarde in die poel van vuur gegooi word en hulle word daar gepynig tot in ewigheid. Volgens Op 20:15 gaan diegene wie se name nie in die boek van die lewe geskryf staan nie, ook in hierdie vuurpoel gegooi word. Hierdie mense se pyniging duur voort tot in ewigheid. Ons dink dikwels hulle gaan net dood – nee, hulle belewe bewustelike pyniging tot in ewigheid. Dink ook daaraan, hulle belewe hierdie pyniging saam met die

duiwel wat hulle mislei het – en dit nogal in die teenwoordigheid van die Lam. Hulle gaan presies verstaan wat hulle gemis het.

- Boonop is die aard van hierdie pyniging sodanig dat hulle dag en nag geen rus het nie. Tot in ewigheid verkeer belewe hulle onrustigheid.

### God se verwagting

Ons het alreeds gesien wat God se verwagting is in die boodskap van die eerste engel: God moet gevrees word as Regter, Hy moet geëer word as die Redder, en Hy moet aanbid word as die Skepper. Vers 12 maak duidelik wat gelowiges sal moet doen om aan God se verwagting te voldoen. Ons lees dat gelowiges volharding nodig sal hê. Ek het nie in vorige preke veel klem daarop gelê nie, maar daar was in Op 13:10 'n soortgelyke opmerking: Hier het gelowiges volharding en geloof nodig. En in Op 13:18 is daar gesê: Hier het gelowiges wysheid nodig. Op 14:12 voeg verder by gehoorsaamheid aan God se gebooie. Kan ek opsom: gelowiges moet fokus op wysheid, geloof, volharding en gehoorsaamheid. As hulle hierop fokus, streef hulle in effek om God te vrees, te eer en te dien.

Ons het 'n wyle gelede gekyk na God se wysheid in Job 28, en in Op 1-11. Onder andere het ons gesien God se wysheid is verborge. Dit is opgesluit in Sy skepping en in Sy Woord – maar Hy moet dit openbaar. Ons sien dieselfde hier – die nasies kan dit doodeenvoudig nie sien nie, want hulle is bedwelm. Ons as gelowiges moet aanhou soek na wysheid. Ons moet die Heilige Gees pleit om ons te help, ons moet die Woord en God se skepping gebruik om te delf na wysheid.

Boonop moet ons geloof, volharding en gehoorsaamheid demonstreer. Onthou toe ons destyds na die sewe gemeentes gekyk het, was hierdie juis die dinge wat Jesus aangeprys het. Kan ek maar een voorbeeld noem: Op 2:19.

### God se belofte

Hierdie visioen word in vers 13 afgesluit met 'n belofte van God. Let op hoe die sekerheid van hierdie belofte op drie maniere onderstreep word: (1) 'n Stem uit die hemel kondig die belofte aan – boodskappe uit die hemel is immers betroubaar (2) Die stem gee die opdrag dat dit opgeskryf moet word. En dit is inderdaad opgeskryf – dit staan in God se Woord. God is bereid om in te staan vir die inhoud van die belofte (3) Die Heilige Gees bevestig wat die stem uit die hemel gesê het. Hier is dus twee getuies – die stem en die Gees. Ons kan dit maar glo.

Wat is die inhoud van die belofte? Dat diegene wat in die Here sterf, geseënd sal wees. Wie is diegene wat in die Here sterf? Dit is tog sekerlik diegene wat die God van harte vrees, eer en aanbid. Diegene wat soek na God se wysheid, diegene wat glo, diegene wat volhard en gehoorsaam is aan God se gebooie. Diegene wat nie die merk van die dier het nie, maar wat geseël is met die seël van die lewende God op hulle voorkoppe.

In watter opsig sal hulle geseënd wees? Hulle sal rus van hulle arbeid. Onthou diegene wat die merk van die dier dra – hulle het die verwagting om dag en nag geen rus te hê nie. Hulle sal voortdurend in selfverwyte besig wees om hulleself te blameer omdat hulle dwaas was en die Lam misken het. Daarteenoor het hierdie mense rus. Hulle rus van hulle arbeid.

Kan ek julle herinner aan waaroor ons gepraat het toe ons 'n wyle terug na die skepping gekyk het. Toe het ons gesien God het in 6 dae die hemel en die aarde geskep, en toe het Hy gerus. Dit het nie beteken dat God onaktief was nie. Dit het beteken God het gerus van Sy skeppingswerk en daarna gewerk aan Sy verlossingswerk, oftewel herskeppingswerk. Tydens die skepping het God egter ook aan die mens opdragte gegee waaraan hy moes werk. Onder andere moes hy die aarde onderwerp en die tuin bewerk en bewaak. Ons het daarvoor gepraat dat die mens die verantwoordelikheid

gehad het om die tuin uit te brei tot dit die hele aarde sou oordek. Ek is oortuig dit is 'n verwysing na die getuienisrol wat die kerk het. Wel, daardie werk is nou afgehandel vir diegene wat in die Here sterf. Hulle het hulle deel gedoen. Soos God gerus het na Hy Sy skeppingswerk afgehandel het, nou rus hierdie mense ook van hulle skeppingsopdragte. Hulle het hulle skeppingsopdragte afgehandel. Nou rus hulle van hulle arbeid. Maar netsoos God ook nie passief was na Sy skeppingswerk afgehandel was nie, net so beteken hierdie rus nie hierdie mense is onaktief nie. Nee, God het voortgegaan met Sy verlossingswerk, Sy herskeppingswerk. Net so, gaan hierdie mense nou voort om te sing van hulle verlossing, van hulle herskepping – soos wat ons laasweek gesien het die 144 000 juis doen. Dit was God se verborge bedoeling van die begin af. En hierdie mense het tot daardie wysheid gekom. Hulle het hulle geloofsvertroue in die Lam geplaas. Hulle het in hierdie geloof volhard, en selfs gegroei daarin. Hulle het gehoorsaam aan God geleef, en nie ingekoop by die gekoop en verkoop wat die diere en Babilon verkondig het nie. Hierdie gehoorsame dade van hulle het nou 'n gevolg: Hulle kan rus. Hulle rus van hulle stryd teen die diere en die sedelose vrou. Daarteenoor, verheug hulle hulle nou in die opkomende bruilofsmaal van die Lam. Hulle verheug hulle daarin dat hulle eersteling kan wees van die nuwe skepping. Hulle verheug hulle daarin dat hulle as deel van die Nuwe Jerusalem van God af uit die hemel gaan neerdaal na die nuwe aarde – waar God by hulle gaan woon – juis soos wat God se bedoeling van die begin af was!

Waarna smag jy? 'n Ewigheid van pyniging in die poel van vuur? 'n Ewigheid van onrustige selfverwyting in die teenwoordigheid van die Lam wat bereid was om vir jou sondes versoening toe te reken as jy maar net in Hom geglo het? 'n Ewigheid van pyniging saam met die duiwel, die diere uit die see en die vals profeet – hulle wat jou mislei het? Of dalk eerder 'n ewigheid van rus? 'n Ewigheid van verlustiging in die God wat nie net jou verlos het nie, maar boonop die draak en sy trawante oorwin en in die poel van vuur gegooi het? 'n Ewigheid waarin jy jou verlustig in God se herskepping? 'n Ewigheid waarin jy in daardie hemelse koor deelneem om God te eer – juis omdat jy oortuig is Hy is dit waardig? Indien dit is wat jy soek – soek dan na Goddelike wysheid, soek na geloof, volhard in gehoorsaamheid van Sy geboorte. Vrees Hom as Regter. Eer Hom as Redder. Dien Hom as Skepper.